

29 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:12

Vreemdelinge in die wêreld, maar kragtige getuies

Ly jy ook soms onder die skerp tong van nie-Christene, omdat jy probeer goed doen teenoor ander, getrou is in jou werk, God meer gehoorsaam is as mense? Die jong Christene, verstrooides oor die Romeinse Ryk, moes baie ontbeer: vervolging, onregverdige tronkstraf, werkloosheid vanweë hulle Christenskap. Daarom dat hulle "vreemdelinge en bywoners" genoem word.

Negatief klink dit, nie waar nie? Bywoners op die aarde, waar ongelowiges die septer swaai.

Tog kan hierdie vreemdelinge kragtige getuies vir Christus wees, want hulle is terselfdertyd burgers van die hemelse koninkryk. Deur God verlos uit die ryk van die duisternis van Satan. Verbind aan Christus en deur die Woord van God weergebore. Nuwe mense in 'n ou, stukkende wêreld.

Hoe leef ons ons vreemdelingskap uit? Kap ons terug wanneer ons beledig word? Vloek ons dié wat ons vervloek, of seën ons hulle? Hou ons aan om goed te doen in gehoorsaamheid aan God? Die opdrag deur Petrus is: "*Gedra julle altyd goed onder die heidene*" (1 Pet. 2:12).

Moenie toegee aan jou sondige begeertes nie, dan sal jy wil wraak neem, net soos die heidene. Al praat hulle kwaad, sal jou Christelike optrede hulle beweeg tot lof aan God. Dalk nie dadelik nie, maar in Christus is die oorwinning seker.

Wie aan God gehoorsaam is, erken ook die gesag van mense op verskillende vlakke van regering (2:13-14). In God se ryk is daar nie plek vir misdaad ter wille van jou eie saak nie. Geen ruimte vir wetsoortreding as opstand teen owerhede nie. Nee, vrees God, eer die keiser (2:17).

In gehoorsaamheid aan jou Here lê beproewing en vreugde lepel. Juis in jou optrede wat anders is, buitengewoon en verrassend, lê die mooi van gehoorsaamheid aan God. So is ons navolgers van Christus en die apostels, om te deel in die vreugde van die koninkryk.

Sing: Psalm 68-1:2

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)